Verwysing: 20190503-4292
Lêerno.: 13/1
Navrae: W Gordon

Eksamenadministrasieminuut: 0007/2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunkhoof-onderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders en Hoofde van openbare en onafhanklike skole wat leerders vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Terugbesorging van onopgeëiste Nasionale Senior Sertifikate van vorige jare (vanaf 1992 tot 2017)

1. Alle rolspelers, ingeslote prinsipale van hoër-/sekondêre skole, sowel as bestuurders van Gemeenskapsleersentrums, moet asseblief op die volgende let:

   a) Alle onopgeëiste sertifikate moet ná 'n tydperk van 12 maande nadat die sentrums die sertifikate ontvang het, opgespoor en na die Wes-Kaap Onderwysdepartement se hoofkantoor teruggestuur word.

   b) Sertifikate van die November 2017-eksamen wat in 2018 versprei is, moet asseblief teen 31 Julie 2019 na hoofkantoor toe teruggestuuur word. Hierdie proses moet jaarliks herhaal word.

2. Onopgeëiste sertifikate sal op 'n veilige plek by hoofkantoor vir 'n tydperk van drie jaar bewaar word vir die moontlike afhaling deur die kandidaat. Indien dit nie binne die driejaar-tydperk opgeëis word nie, sal die sertifikate vernietig word.

3. Daarbenewens moet die betrokke rolspelers ook voldoen aan die regulasies, beleide en Umalusi-voorskrifte wat betrekking het op die volgende:

   (a) Onopgeëiste sertifikate moet een jaar ná die vrystelling daarvan aan skole teruggestuur word.

   (b) Sertifikate moet as uiters kosbaar hanteer en te alle tye in veilige omstandighede bewaar word.

(c) Kandidate moet in kennis gestel word wanneer sertifikate gereed is om afgehaal te word en die verspreiding daarvan moet in veilige omstandighede plaavind.

4. Skole word versoek om onopgeëiste sertifikate aan hoofkantoor terug te stuur en dit duidelik as volg te merk:
ONOPGEËISTE SERTIFIKATE
VIR AANDAG: Mnr Werner Gordon
Direktoraat: Eksamenadministrasie
5de Vloer, Kamer 502
Grand Central-gebou
Laer Parlementstraat
KAAPSTAD
8001

5. Aangeheg is 'n klaringsertifikaat wat deur skole voltooi moet word om te bevestig dat alle sertifikate vir die jare wat aangedui is, verwyder en na hoofkantoor toe teruggestuur is.

6. Navrae aangaande die terugstuur van onopgeëiste sertifikate kan aan mnr Werner Gordon per e-pos: Werner.Gordon@westerncape.gov.za of faksnommer 021 461 5637 gerig word.

7. U samewerking in hierdie verband sal baie waardeer word.

GETEKEN: T SINGH
WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2019-06-19

Verwysing: 20190503-4292
Lêerno.: 13/1
Navrae: W Gordon

KLARINGSERTIFIKAAT

VERKLARING VIR DIE INDIENING VAN ONOPGEËISTE NASIONALE SENIOR SERTIFIKATE VAN VORIGE JARE BY HOOFKANTOOR

Ek,……(Prinsipaal/Adjunkprinsipaal) van……..……(skool) verklaar hiermee op ……(datum) dat alle onopgeëiste Nasionale Senior Sertifikate van vorige jare (1992 tot 2017) uit die kluis/brandkluis verwyder is, en by die Direktoraat: Eksamenadministrasie van die Wes-Kaap Onderwysdepartement se hoofkantoor vir veilige bewaring en/of versnippering ingedien is soos per die Departement van Basiese Onderwys se Bestuursplan vir sertifikate van Nasionale Senior Eksamens (NSS'e) sowel as Senior Eksamens (Gewysig) [SS(G)'e].

…….. **SKOOLSTEMPEL**

NAAM VAN PRINSIPAAL/ADJUNKPRINSIPAAL IN DRUKSKRIF

…… ……

HANDTEKENING VAN PRINSIPAAL/ADJUNKPRINSIPAAL **DATUM:**

FAKS OF STUUR ASSEBLIEF PER E-POS DIE VOLTOOIDE KLARINGSERTIFIKAAT NA MNR WERNER GORDON BY FAKSNOMMER: 021 461 5637 OF Werner.Gordon@westerncape.gov.za.